higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## BYKOMSTIGHEDE N5

## 19 NOVEMBER 2019

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

**INSTRUKSIES AAN NASIENERS:** Sommige vrae is daarop gerig dat leerders hul kennis van die vak toon en dié kennis op verskillende scenario's toepas. Antwoorde moet op meriete nagesien word. Die antwoorde hier onder dien bloot as 'n riglyn.

In alle antwoorde word EEN punt vir EEN feit toegeken.
Slegs VRAE 1.1–1.1.10 – 2 punte soos aangedui.
Alle ander vrae: EEN feit = EEN punt.

### VRAAG 1

1.1

| | |
|---|---|
| 1.1.1 | C |
| 1.1.2 | E |
| 1.1.3 | A |
| 1.1.4 | G |
| 1.1.5 | I |
| 1.1.6 | B |
| 1.1.7 | D |
| 1.1.8 | F |
| 1.1.9 | J |
| 1.1.10 | H |

(10 × 2) (20)

1.2 1.2.1
- Kashandvatsels
- Deurhandvatsels
- Ketel
- Potte
- Servethouers
- Deurrame
- Vensterrame

1.2.2
- Deurrame
- Vensterrame
- Sonskerms
- Sonkappe (canopies)
- Pote aan meubels

(Enige 2 × 3) (6)

1.3 1.3.1
- Seephouer
- Rakke vir toiletware
- Handdoekrelings
- Seeppomp
- Toiletrolhouer

1.3.2
- Bakke
- Kandelare
- Slaailepels
- Dekoratiewe eetgerei (Enige 2 × 3) (6)

1.4 Deesdae word argitektoniese koper vir dakke, voegskorte en dekstroke, geute en afvoerpype, uitsitlaste, muurbedekkings, koepels, torings, gewelwe en verskeie ander ontwerpelemente gebruik.

Geelkoperplate, -dunplate en -stroke word algemeen as bedekking op binnemure en pilare gebruik; buise en stawe word vir meubels en relings gebruik, terwyl bronsdraad doeltreffend vir skerms en roosterwerk aangewend kan word. Gesmede geelkoper (C37700), wat tradisioneel as 'n industriële allooi beskou word, skep interessante moontlikhede wanneer dit as dekoratiewe, gesmede hardeware gebruik word. (8)

1.5 1.5.1
- Klankstelsel
- Spieël
- Tablet/Rekenaar
- Plakkate/Kunswerke/Muurkuns
- Kennisgewingbord
- Lampe
- Horlosies
- Aandenkings

1.5.2
- Strooikussings
- Muurkuns
- Lanterns
- Dekoratiewe potte
- Potplante
- Asbakkies
- Ligtoebehore (Enige 2 × 5) (10)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

**OPMERKING AAN NASIENERS:** Leerder moet tipiese bykomstighede vir elke styl beskryf.

2.1 2.1.1 Die popkunskategorie bevat baie prettige en vars beelde. Hierdie kategorie sluit enigiets in – van die Eiffeltoring in 'n Andy Warhol-styl tot beelde van munte teen 'n groen agtergrond, foto's van Marilyn Monroe (plakkaatstyl op doek), strokiesprente tot etikette van geblikte goedere.

2.1.2 Eduardiaanse vloere is van dagha, beton of hout oor houtbalke gemaak. Die vloere het bestaan uit houtvloerplanke, teëls of blokkies. Vloerbedekkings was tapyte of matte en linolieum.
Soos mense in die laaste kwart van die 19de eeu, het dié in die Eduardiaanse tyd matte verkies wat buitenshuis skoongeslaan kon word. Tapyte en los matte met gedempte kleure uit Indië en Turkeye was gewild. Vaste matte het egter weer in die deftigste huise mode geword.
Gewone en dekoratiewe brandkleurteëls was gewild rondom vuurherde, in portale, kombuise, badkamers, stoepe, toilette en selfs tuinpaadjies. Ontwerpe was gewoon en die kleure dowwer as in Victoriaanse vloere.

2.1.3 Rookbykomstighede is in die woonvertrek op koffietafels uitgestal:
Verskeie (selfs alleenstaande) asbakkies
Groot, oordadige aanstekers
Hout- of silwer houers met sigarette
Sigaarbokse met knippers
Sigarethouers

2.1.4 Huisbykomstighede soos keramiek- en bronsteëls, pottebakkery, horlosies, koperbykomstighede, gordynpanele, vuurherdskerms, stensils, afdrukke, muurkuns, materiale, welkommatte, en baie meer. (4 × 5) (20)

2.2 2.2.1 Kuns deur optiese illusie – beeldelemente en geometriese patrone wat gegroepeer word om illusies te skep.

2.2.2 Kwashale op doek – op die oog af lukraak, in ongewone kleure – van naby beskou skep dit nie eintlik 'n beeld nie, maar van 'n afstand af vorm die lukrake kwashale beelde – deur 'n studie van kleur en vorm laat dit die verbeelding toe om beelde op te roep.

2.2.3 Mandjiewerk is die proses waardeur buigsame materiale tot twee- en driedimensionele artefakte soos matte or houers gevorm word. Handwerkers en kunstenaars wat in die maak van mandjies spesialiseer, word mandjiemakers of -wewers genoem.

2.2.4 Die avant-garde (vanaf die Frans wat voorhoede, voorpunt of voordekking beteken) is mense of werke wat ten opsigte van kuns, kultuur en die gemeenskap, eksperimenteel, radikaal of onortodoks is. Die avant-garde toets die grense van wat, hoofsaaklik op kuturele terrein, as die norm of status quo aanvaar word.

2.2.5 Tapisserie is 'n vorm van weefstofkuns wat tradisioneel op 'n vertikale weefstoel geweef word. Tapisserie is dwarsdraadwewing waarin al die lengtedrade in die voltooide werk versteek is – anders as in materiaalwewing waar die dwars- en lengtedraad sigbaar mag wees. In tapisseriewewing is die dwarsdraad tipies onderbroke; die vakman vleg elke gekleurde dwarsdraad heen en weer in 'n eie klein patroon. Dit is gewone dwarsdraadwewing waarin dwarsdrade van verskillende kleure oor dele van die lengtedraad geweef word om 'n ontwerp te vorm.

2.2.6 Kerfwerk is wanneer gereedskap gebruik word om iets uit 'n materiaal te skep deur gedeeltes van die materiaal weg te skraap. Die tegniek kan gebruik word op enige materiaal wat solied genoeg is om 'n vorm te behou (al word dele daarvan weggeskraap) en sag genoeg is om met beskikbare gereedskap weggeskraap te word.

2.2.7 In traditionele, suiwer etswerk word 'n metaalplaat (gewoonlik koper, sink of staal) met 'n wasagtige, suurbestande lagie bedek. Die kunstenaar krap dan dele van die laag waar h/sy in die voltooide werk 'n lyn wil hê met 'n skerp etsnaald weg om die metaal te ontbloot.

2.2.8 Gebrande glas is gekleurde glas wat vervaardig word deur metaalsoute tydens die vervaardigingsproses by te voeg. Die gekleurde glas word in brandglasvensters gevorm deur klein deeltjies glas te rangskik om patrone of prente te vorm. Die stukkies glas word (tradisioneel) deur strokies lood in 'n vaste raam aanmekaar gehou. Verfdetail en geel kleurstof word dikwels gebruik om die ontwerp te verbeter. Die term 'gebrande glas' word ook vir vensters gebruik waarin kleure op die glas geverf en in 'n oond gebak word.

(8 × 5) (40)
**[60]**

## VRAAG 3

3.1 Die bespreking oor die plasing en groepering van die uile moet na die volgende verwys:

- plasing – bespreek plekke wat vir die uitstalling geskik is
- grootte – skep 'n uitstalling waarin grootte in aanmerking geneem word
- vorm – vorm van die groepering teenoor die vorm van die uile
- kleur – groepeer volgens kleur
- styl – groepeer volgens styl
- beligting – gebruik beligting om die groepering te beklemtoon
- praktiese oorwegings – onderhoud, breekbaarheid van die uile ...

Ken EEN punt per kriterium en die res vir die toepassing van die kriteria op die uitstalling toe. (7 + 13) (20)

3.2 3.2.1 Erdewerk (stoneware), erdeware (earthernware) en porselein is name vir verskillende tipes pottebakkery.
Die klei wat vir pottebakkery gebruik word, word soms ook volgens erdewerk, erdeware en porselein geklassifiseer.
Erdeware (earthernware) is die goedkoopste en mins duursame tipe pottebakkery wat van klei van swakker gehalte gemaak word. Erdewerk (stoneware) is duursaam en duurder. Porselein is die duursaamste en duurste en word van klei van die beste gehalte vervaardig.

Erdewerk (stoneware) word van onverfynde klei gemaak. Erdewerk het 'n sanderiger tekstuur as porseleinklei as gevolg van die hoër sandinhoud. Erdewerk word teen 'n hoë temperatuur (1 196 °C/ 2 185 °F) gebak wat sterk is en nie maklik breek nie. Erdewerk word dikwels gebruik om bekers en bakskottels te maak en kan met veiligheid in oonde en mikrogolfoonde gebruik word. Erdewerk is 'n gewilde keuse vir eetgerei omdat dit duursaam en goedkoper as porselein is.

Erdeware word teeh 1 946 °C (1 915 °F) gebak – heelwat laer as erdewerk. Dit het poreuse pottebakkery tot gevolg wat nie so sterk soos erdewerk of porselein is nie. Erdeware kan met glasuur versterk word. Glasuur verhard die oppervlak van die pottebakkery, maak dit nie-poreus en geskik vir voedselvoorbereiding. Erdeware word algemeen gebruik om potte en planthouers te maak. Terracotta is 'n tipe erdepottebakkery.

Kopiereg voorbehou 

Porselein – word van wit klei van die beste gehalte gemaak. Dit word teen 1 260 °C (2 300 °F) gebak wat harde, sterk, deursigtige pottebakkery lewer. Porselein is gewoonlik wit en het 'n baie gladde oppervlak. Porselein is die veiligste pottebakkery om in die kombuis te gebruik omdat dit kleefwerend en nie-poreus is en veilig vir gebruik in skottelgoedwassers is. Eksklusiewe eetgerei word gewoonlik van porselein gemaak. Dit is die duurste tipe pottebakkery. (20)

3.2.2 Wanneer mense die 'kristalware' uithaal verwys hulle gewoonlik na 'n tipe glas✓✓ wat van silika, loodoksied, soda of potas✓✓ en ander bymiddels gemaak word. Loodkristal word waardeer✓✓ vir die duursaamheid✓✓ en dekoratiewe✓✓ eienskappe daarvan, selfs al beskik dit nie oor 'n kristalagtige struktuur nie. (10)

3.3 Die leerder behoort die volgende in die bespreking in te sluit:

Verduidelik dat lig in interieurs noodsaaklik is en as funksionele bykomstigheid geklassifiseer word (TWEE punte).
Beligting bestaan uit DRIE komponente:

1. Ligbron – plafonlig/lamp/staanlamp/indirekte lig (4)

2. Lamptoebehore – bestaan uit 'n basis en 'n skerm. Groote en vorm hang van die dekor en ligbron af (4)

3. Doel van die lig – taak/algemeen/stemming (2)
**[60]**

**VRAAG 4**

**OPMERKING AAN DIE NASIENER:**
Die leerde behoort toepaslike detail uit die inligting hier onder te kies.

Protokol en etiket moet nagevolg word.

4.1 Uitnodigings – verduidelik hoe besluite aangaande lettertipe, kleur, logo en koevert gemaak word. (5)

4.2 Tafeluitleg – die tema van die funksie sal die kleur van die eetgerei bepaal. Leerder behoort 'n volledige tafeluitleg en die rede vir die keuse aan te dui. (10)

4.3 Dekor – leerder moet verduidelik hoe die dekor die venue sal verbeter. Sitplekplasing, tafels, tafeldoeke, kerse, vase, blomme, ligte, muurversierings, ens. behoort bespreek te word. (10)

4.4 Spyskaart – verduidelik hoe besluite oor die lettertipe, kleur en logo gemaak word en verduidelik hoe die spyskaart vertoon sal word. Indien die leerder slegs geregte noem moet geen punte toegeken word nie, aangesien hierdie antwoord oor die spyskaart as bykonmstigheid moet handel. (5)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou